**Saterdag 14 September**

| Skrifgedeelte: Romeine 8:1-4 | Fokusgedeelte: Romeine 8:2 |
| --- | --- |

## Geloof en die wet van sonde

Sonde het ’n manier om jou as mens op ’n besondere manier te programmeer. Die sonde word jou wet! Paulus noem dan ook dat hy verlos is van die wet van die sonde en die dood.

Die wet van die sonde is ’n bepaalde manier van dink. Jy glo dat die sonde vir jou geluk en voorspoed sal bring. Jy soek selfsugtig net dit wat in jou belang is. Jy ignoreer die gevolge van jou dade. Jy verdra geen kritiek nie. Jy vind rede en regverdiging vir alles wat jy doen. Die sonde en die dood is in hierdie opsig bondgenote. Paulus druk die bondgenootskap so uit: “Laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons” (1 Kor. 15:32). Hierdie wet of denkwyse sien en ervaar jy elke dag om jou.

Vir iemand wat deur Christus verlos is van sonde, geld daar egter ’n ander wet. Die wet van die Gees. Hierdie wet veroordeel nie, want Christus het dan juis vir die sonde gesterf! Hierdie wet maak dat jy anders dink oor die lewe! Die Heilige Gees se wet is tog immers ’n wet van omgee vir mekaar. Dit is ’n wet wat verantwoordelikheid aanvaar vir jou woorde en dade. Dit is ’n wet wat God se eer soek. Dit is ’n wet wat jou naaste liefhet. Hierdie wet slyp die gelowige man en vrou se optrede teenoor mekaar. Hierdie wet skep ’n gesindheid by kinders om die gesag en leiding van hulle ouers te aanvaar.

Daarom maak Paulus die konklusie: Hierdie wet, die wet van die Gees, vervul die wet van God! Dit wat God nog van altyd af vereis het: Dat jy jou God en jou naaste sal liefhê.

Dit is belangrik dat ons dan die wet van die Gees, of die denkwyse van die Gees, ons eie sal maak. Dan is jy nie uitgelewer aan die sonde nie, maar jy heers oor die sonde in jou lewe!

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Ds. CJ van Vuuren (Christo) (Hartbeespoort)*